

# Die ramshoring

## Die ramshoring

Om die ramshoring reg te benader moet ons na die doel en werkverrigting van die instrument bestudeer.

Voordat ons by die horing self kom moet ons na die man kyk wat die horing 'blaas'. Nou die 'blaas' is asem wat binne hom is wat hy uiter. Terwyl die mens asem haal kan hy so baie doen met daardie asem rondom hom. Hy kan praat, lag, sing, skreeu, ens. Hy kan dit uiter met volle bors of dit sag kuns deurgee. Baie neem die asem en klank wat die mond na vore bring as vanselfsprekend, en min wetend is dit 'n vergunning van VADER aan die mens.

Net om 'n aanhaling of twee uit die Skrif te vat as bevestiging kan ons kyk na ons groot leermeester YAHUSHA waar "Hy oor Sy dissipels geblaas het" en vir hulle gesê het: "Ontvang die Reine Gees" (*Joh. 20:22*). Hy blaas dus lewe oor hulle om ontvanklik te kan wees (Ontwaking, beskerming). In Mal.2:15 staan: *Het Hy dan nie een mens (Adam) gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het (gees H7307 beteken rûach wat wind of asem beteken)? En waarom die een? Hy het 'n geslag van ~~God~~VADER gesoek.*

Wat ek probeer deurgee 'is om die asem' reg en ordelik te gebruik wanneer jy met VADER te doen het. Om VADER te loof en prys met die asem binne jou 'soos deur 'n musiek instrument' kom van VADER en daarom moet jy dit reg doen. Om te kan 'doen' lê doen in wilskrag en dié "wil" het baie net gesimuleer.

Om lig op "wil" te werp kyk ons na die volgende verse:

*Matt. 15:28* Toe antwoord ~~J\*sus~~ YAHUSHA en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos ju wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af. *Matt. 19:17* En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik ~~God~~ VADER. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië. *Matt. 19:21* ~~J\*sus~~ YAHUSHA antwoord hom: As ju volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My. *Matt. 20:21* En Hy sê vir haar: Wat wil jy hê? Sy antwoord Hom: Sê dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk mag sit, een aan u regter— en een aan u linkerhand. *Joh. 3:8* Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is. *Joh. 5:6* Toe ~~J\*sus~~ YAHUSHA hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? *Jak. 2:20* Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

Sien julle wat die mond moet uiter! “ek wil”. Om die “wil” kortliks te ontleed sien ons hierbo dat daar altyd gevra word “wil jy” en dan moet ons sê ‘ja’ ek wil. Die skepping van YAH het ‘n keuse ontvang om te kan ‘wil’ sodat vryheid na vore kan kom. Daardie “vrye wil” is ontsettend sterk wat lewe op aarde ontvang het.

Kyk waar is die wêreld op pad heen deur daardie eie “wil” van die mens-‘dom’. Sodra die uitverkore besef dat die wil waarmee hy so rond slinger wel aan VADER behoort sal herstel dadelik intree. Ek laat dit eers daar.

As ons nou oorgaan na die horing self en kyk waar dit begin het as ‘n trompet (*En gebruik mag word as ‘n instrument*) wat VADER daar vir ons gestel het moet ons kyk na Abraham in *Gen.22:13,14. En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens ‘n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.:14 En Abraham het dié plek genoem: Die ~~HERE~~ VADER sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die ~~HERE~~ VADER sal dit voorsien word.*

Soos ons nou lees het dat die bokram in die plek van die seun ‘Isak’ gesterf het, en dat die “loskoop” daardeur geskiet het, het die ramshoring ingekom om daardie geleentheid te vier. Deur daardie gebeurtenis het die horing van ram spesifieke doele wat dit vir ons deurgegee soos: Danksegging, verblyding, uitkoms, waarskuwing, sameroeping, ens. Dus vanaf daardie dag dat ‘Isak’ se lewe gespaar was het die blaas op die horing sy betekenis gekry. Die horing / trompet was in die beginjare eers net deur die Levitiese priesters, profete en leier elemente geblaas. Die volk het nie die opdrag ontvang om die ramshoring te mag blaas nie. Ons kan dit lees in die volgende aanhalings uit die Skrif:

*Num. 10:8 En die seuns van Aäron, die priesters, moet op die trompette blaas; en dié trompette moet vir julle ‘n ewige insetting in julle geslagte wees. Ex. 19:13 ... As die ramshoring lang geluide blaas, mag hulle op die berg klim. Jos 6:4 En sewe priesters moet sewe ramshorings voor die ark dra; maar op die sewende dag moet julle die stad sewe maal omtrek; en die priesters moet op die horings blaas; Rug. 7:20 Toe blaas die drie dele op die ramshorings en breek die kruike en hou met hulle linkerhand die fakkels en met hulle regterhand die ramshorings om te blaas, terwyl hulle uitroep: Die swaard van die ~~HERE~~ YAH en van Gídeon! 1Kon. 1:34 en laat Sadok, die priester, en Natan, die profeet, hom daar as koning oor ~~Israel~~ Yashar’EL salf, en julle moet op die ramshoring blaas en sê: Mag koning Salomo lewe! Ps. 81:4 Blaas die ~~basuin~~ ramshoring op ~~nuwe~~ nuwe - maand op ~~volmaan~~ einde van die maand vir ons feesdag. Jer. 4:5 Verkondig in Juda en laat dit hoor in Jerusalem en sê: Blaas die basuin in die land! Roep hardop en sê: Kom bymekaar, en laat ons in die versterkte stede ingaan!*

*Joe 2:1 Blaas die ~~basuin~~ ramshoring op Sion, en blaas alarm op My ~~heilige~~ reïne berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van ~~die~~ ~~HERE~~ YAH kom, want hy is naby – Joe 2:15 Blaas die ~~basuin~~ ramshoring op Sion, ~~heilig~~ sonder af 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!*  
*1Kron. 15:24 En die priesters .... het op die trompette geblaas voor die ark van God Skepper uit; en Obed-Edom en Jehia was poortwagters van die ark. Open. 8:6 En die sewe engele met die sewe ~~basuine~~ trompette het hulle gereed gemaak om te blaas.*

Nou daardie opdragte om die ramshoring te blaas het gestop die dag toe die volk 'n skeibrief ontvang het (Jes.50:1). Die Levitiese orde het dus toe gestop. Daardie orde waar die Leviet werksaam was het na die man van die huis geskuif. Die man van sy huis het die “priester” geword wat die ramshoring kan blaas. Eers daar gelaat.

Die ramshoring is nie 'n normale musiek instrument nie, want dit gee lang aanhoudende geluid wat nie regtig saam met ander instrumente gespeel kan word nie. Soos ons weet is daar 10 tal musiek instrumente waarvan die man of die vrou hulle met vrye wil mag gebruik om musiek te kan maak. Soos ek dit bo uitgewys het wat en waarvoor die ramshoring se doel was weet ons ook dat die “ramshoring” 'n oorlog waarskuwings instrument was, of 'n “feestelike” aankondiger.

Die horing gee lank en aanhoudende frekwensie wat nie regtig met ritme te doen het nie. Dit is 'n instrument wat eie is aan die Yashar'EL waarvan hy dit gereeld kan blaas om bv. demone weg te jaag of om sy gesin voor VADER te stel. Die pa van die huis moet hom en sy mense altyd met orde voor VADER daar stel en daarom die basuin klank van 'n ramshoring. Ek persoonlik voel dat die klank 'n klop (*klokkie*) aan die deur van VADER se woning is.

Soos ek dit bo uitgewys het waar die gebruik en blaas van die ramshoring af kom moet ons ook tot die volgende aanneming kom; Die blaas van 'n ramshoring word slegs deur 'n man geblaas. Baie is in 'n dispuut dat 'n vrou wel die ramshoring mag blaas, maar min wetend is dit net die man wat dit mag blaas. Baie vra:; maar waar in die Skrifte staan dit dat 'n vrou nie die ramshoring mag blaas nie? My antwoord is voor die hand liggend nl.: waar in die Skrifte staan dit dat die vrou wel die ramshoring mag blaas? Ek noem altyd dat die Skrifte daar vir ons gestel is om daarvolgens te handel en te wandel. Ons moet daaruit leer en oplet wat gedoen was sodat dit 'n lamp vir ons voete kan wees.

Net om die scenario rondom ‘n vrou en die blaas van die ramshoring uit te lig kan ons: Eerstens deur die Skrifte gaan, en sal vind, dat daar nie ‘n vrou was wat wel die ramshoring geblaas het nie; Tweedens dat die vrou die man onderdanig moet wees en dat hy oor haar sal heers (*Dus sal ‘n man verantwoordelik gehou word vir sy vrou en kinders se dade. Die man se plig is om voor VADER te verskyn om vir homself en vir sy vrou en kinders in te tree. Dus mag die vrou nie die man se pligte oorneem om bv. die ramshoring te blaas nie*); Derdens as ons in diepte na die scenario kyk sal ons sien dat dit net manne is wat deur VADER gebruik was om die ramshoring te kan blaas en nie vroue nie.

Net ‘n kortlikse opsomming: Abraham wat die man in die huis was het van VADER ‘n opdrag ontvang om sy seun ‘wat ook manlik was’ te gaan offer. Die vrou het by die huis gebly terwyl die manne vertrek het om die opdrag van VADER te voltrek. Abraham se diensknegte het saam getrek en nie sy diensmaagde nie. Op die berg is Isak gered deur VADER met ‘n manlike dier waarvan daardie ram se horing tot op vandag geblaas moet word deur ‘n man.

Die vrou het ook ‘n belangrike doel om te verrig en dit is om te bid soos Sara gedoen het. So kan ons heelwat vroue sien wat bid vir die manne waarvan VADER na hulle luister. Vroue was ook gegun om musiek te kon maak met allerhande instrumente.

Ek sluit die traktaat om te noem dat die blaas van die ramshoring nie meer verpligtend is nie. Soos ek bo uitgewys het is die volk ‘n geskeide vrou waarvan die volk haarself nou weer gereedmaak vir die wederkoms van hulle “MAN” en Heerser. Dus is die blaas van die horing uit vrye wil, maar dat die wat dit wel doen wel nou weet waaroor dit gaan.

Ons Koning ‘YAHUSHA’ het in die plek van die ‘ram’ gekom as dié Losser (*In die plek van die ‘ram’*). Hy is ons dank; Hy is ons verblyding; Hy is ons uitkoms; Hy is ons waarskuwing; Hy is ons sameroeper; Hy is alles wat gebeur het daardie dag toe Abraham met Isak op die berg was. Daarom mag ons die ramshoring blaas tot herinnering van die ontstaan van die uitverkore volk van YAH.

Blaas die horing vir VADER so ook waar die Naam van YAHUAH (*SY Seun*) woon.

Bedink dit.